Nuusbrief - Noordelike Sinode

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Francois Genis**, 071 777 9302 of 014 743 0152, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg: *Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

1 Desember 2017
Nr 42/2017

Neem asseblief kennis:

- *Hierdie is die voorlaaste uitgawe van die Verskil. Die laaste uitgawe verskyn op 8 Desember 2017.*
- *Die sinodehuis sluit Vrydag 15 Desember en open weer Maandag 8 Januarie 2018.*

Warm nuus!

Vergoedingsriglyne vir predikante 2018/19

Die afgelope week is die Algemene Sinode se vergoedingsriglyne vir predikante per e-pos aan alle predikante gestuur met die versoek dat hulle dit beskikbaar sal stel aan diegene wat daarby belang het.

- Predikante wat dit dalk nie ontvang het nie, moet asb vir Naomi by die Sinodehuis kontak (012 440 6525 / naomi@noordsin.co.za).

Ringsontwikkeling

Vroeg in die nuwe jaar is daar vier geleenthede waar ringskommissies die geleentheid gaan kry om bietjie saam te dink oor hulle rol. Teken sommer nou reeds die datums aan:

5 Februarie – Polokwane
9 Februarie – Pretoria
12 Februarie – Brits
16 Februarie – Pretoria

Algemene Sinode: Aangestelde bestuurder

Lourens Bosman (predikant van die NG Gemeente Lux Mundi in Pretoria) is die pos van algemene bestuurder by die kantoor van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Pretoria aangebied. In dié pos sal hy Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk, op verskeie terreine ondersteun.

* Lees gerus e-Kerkbode se berig hier.

Sinodale nuus

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkomste** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
** ***5 Desember*: **Skriflesing**: *Markus 1:6-28 & Jesaja 40:1-11*.
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Eerstejaarskamp 2018: Universiteitsoord - *22-26 Januarie 2018*

Vir volledige inligting besoek: http://www.universiteitsoord.co.za/ejk-meer-inligting.html
Skryf sommer nou hier in!
Navrae: Besoek www.universiteitsoord.co.za.

❖ ECHO Jeugontwikkeling

ECHO Jeugontwikkeling is 'n gemeenskap van hoop vir jongmense in nood met onder andere 14 huise en weeklikse programme by 11 skole. ECHO Jeugontwikkeling het in 2001 tot stand gekom en is 'n geregistreerde nie-winsgewende maatskappy (Sec 18(A) 930033233; 2001/02573308).
Daar is tans Echo gemeenskappe in Pretoria, Johannesburg, Frankfort, Kaapstad en Stellenbosch.
Indien jy meer oor hierdie bediening wil weet, kontak hulle by info@echoyouth.co.za, tel 012-331 2341 of 084 477 7123 of besoek www.echoyouth.co.za.

Kollega nuus

❖ Emeritaat/afskeid

Koos Serfontein (Rustenburg-Wes) neem eerskomende Sondag (3/12) na 38 jaar afskeid van die gemeente.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

02/12 Johan Avenant [The Reeds, 072 287 4045, jcaven@netactive.co.za]
04/12 Gert Prinsloo [Pretoria-Oos, 082 821 7387, gert.prinsloo@up.ac.za]
06/12 A van Zyl [Emeritus, 072 435 8146, isabelvanzyl@telkomsa.net]
08/12 Nicky Hattingh [Sanddrift, 083 357 2420, nickyhattingh@gmail.com]

****

02/12 Reineth Prinsloo [Pretoria-Oos, 012-343 4162, gert.prinsloo@up.ac.za]
03/12 Elize Steyn [Wonderboom, 012-567 7039, nelius@wonderboomngk.co.za]
05/12 Ansie Swart [Pretoria, 012-430 4882, mjswart@icon.co.za]
08/12 Andre Bruwer [Pretoria, 072 517 4851, hendrienvv@gmail.com]
09/12 Susarie van Velden [Bergtuin, 083 955 7327, enslin,vanvelden@gmail.com]

Gemeente nuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Springbokvlakte [Gestig 12/12/1957]

❖ Magalieskruin: Kerksmark

Dis die laaste dae van die Magalieskruin Kersmark by ons kerk!
Tye: Vrydag van 9:00 tot 19:00 en Saterdag van 09:00 - 15:00.
Oulike bekostigbare en heerlike geskenke, selfs vir huishulpe!
Adres: Joycelaan 150, Magalieskruin.
Navrae: 082 557 1562.

❖ Mootvallei en Zama-Zama: Hope 4 U Foundation – Vakansie program

Datum: *4-8 Desember 2017* (08:00-14:00)

Ons nooi kinders (hulpbehoewend en ander) wat vir 'n hele week lank in die vakansie ***hope pret*** wil hê! Ons verwag weereens 'n groooot getal kinders!
Die vakansieprogram is heeltemal gratis vir elke kind en vrywilliger.
Bid asseblief hiervoor, ons soek nog leiers wat saam met ons span kan help, skenkings in die vorm van voedsel, koeldrank en kontant. Stuur jul gemeente kinders en raak so betrokke by die projek van Zama-Zama:Hope4u en Mootvallei.
Kontak vir Jan-Marie du Toit 0716870357.

Ander nuus

❖ Wêreldbiddag vir Vroue 2108:

Die **tema** vir volgende jaar se Wêreldbiddag vir Vroue is ***"Hoe wonderbaar is u skepping!"***
Die **skrywerland** is **Suriname.**
Navrae: Joa van Aarde by wwdp@telkomsa.net of tel. 011 975 4598.

❖ Studentegemeente Bloemfontein: Voornemende eerstejaars 2018

Ons nooi jou graag uit na die kamp van jou lewe - Hier gaan jy vriende vir die lewe maak, van jou grootste verwagtings ontmoet, en ook 'n paar uitdagings in die gesig staar! (Moenie bekommerd wees nie - ons glo in in ontgroening nie!) **Kougomkamp 2018** se tema is Kruispad. Hierdie kamp wil jou help om 'n stewige fondasie te gooi vir 2018, sodat jy student kan wees in die volle sin van die woord - Met die wete dat God reeds daar is waar jy oor n paar maande gaan wees!
Skryf asseblief aanlyn in (Afrikaans): http://goo.gl/forms/yOq57jWvgVmQdLKP2

❖ Zama-Zama : Jaarkursus in pastorale opleiding, berading en gemeenskapsdiens

Datum: vanaf ***1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019***!
Status van kursus: Sertifikaat. Geakkrediteer deur Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Pretoria, **120 VBO punte**
Registrasie: Tot en met *29 Februarie 2018*
Koste: Die paar voorgeskrewe handboeke en studiemateriaal word deur die student aangekoop. Begroot min of meer vir so R500 daarvoor. Dit is nie ingesluit by die kursusfooie nie. Die kursus fooie beloop:29 Februarie 2018: R 3 000; 1 Julie 2018: Die res R 3 000; Totale kursusfooi: R 6 500
Navrae: *Dr Jan Botha* (012 5463545 of 076 481 5683 / E-pos: alfa@hepl4you.co.za) of *dr Retha Kruidenier* (012 329 1352 of 082 413 8462 / E-pos - retha@geo-logic.com)
Webwerwe: alfapastoralepraktyk.com of zamazamahope4u.com

❖ Nuusbriewe

- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za] - Hierdie laaste nuusbrief van 2017 fokus op die jongste Kerkbode en Jeugfokuspublikasies van 2018. [Lees hier verder...]

Lig 80 jaar

Redaksie: Al ooit gewonder hoe die redaksie lyk wat elke maand sorg dat daar 'n keurig voorbereide Lig, waarop ons almal baie trots is, op die rakke verskyn?
Foto:
Agter v.l.n.r. *Mario Small, Viona Ross, Francine van Niekerk, Lida Viljoen, Hanno Coetzee*
Voor v.l.n.r. *Amanda van der Westhuizen, Jeanne Human en Conette le Roux*

- **CLF-nuus:**
  Die Week van Gebed vir 2018, met die tema ***Gebed vir die wêreld op die voetspoor van die apostel Paulus*** is nou beskikbaar by CLF! Dit kan afgelaai word by https://clf.co.za/downloads/week-of-prayer-pentecost

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Sestien dae van aktivisme teen geweld teenoor vroue en kinders (25 Nov – 10 Des)**
- **Droogte.**
- **Baie dankie vir goeie reën op talle plekke.**
- **Komende besluite rakende die politieke toekoms van ons land.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ UP Fakulteit Teologie: Gelegitimeerde proponente 2017

- ***Jeanri Bezuidenhout*** [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
- ***Camille Castelyn*** [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
- ***Willie Griesel*** [083 491 0657, wjgriesel@gmail.com]
- ***Jeanine Hepburn*** (Stoffberg) [083 390 3858, jeanines@realnet.co.za]
- ***Johan Koen*** [082 393 2944, koenj@yahoo.com]
- ***Henk Kotzé*** [083 479 9411, hskotze@yahoo.com]
- ***Christian Oberholzer*** [082 349 7317, Lnet@telkomsa.net]
- ***Marius Schoombie*** [083 635 1523, mariusschoombie@gmail.com]
- ***Werner Smal*** [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]
- ***Adelle van Rhyn*** [082 881 9788, dellatjie777@gmail.com]
- ***Francois van Tonder*** [073 179 0017, francoisv3@gmail.com]

❖ Vakatures in Kerkbode geadverteer

Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

❖ Villieria: Vakature – Jeugwerker (Kontrakpos)

Dié NG Gemeente Villieria in Pretoria is ongeveer 7 km vanaf Tukkies.
Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die jeugbediening van hoërskool en na-skoolse jongmense in samewerking met die voogleraar vir die jeug. Die aanbied van kampe, jeugbyeenkomste op Sondagmiddae en weeklikse selgroep vir studente is deel van die verantwoordelikhede. Hierdie is 'n ideale geleentheid vir 'n teologiese student vanaf 2de studiejaar.
Vergoeding: 'n Vergoedingspakket sal met belangstellende kandidate bespreek word.
Aansoeke: Stuur asseblief vir ons jou aansoek en kort CV na rarheeder@gmail.com
Sluitingsdatum vir aansoeke: *24 Januarie 2018*
Aanstellingsdatum: ***1 Maart 2018***
Kontraktermyn: 1 Maart 2018 – 30 November 2018 (met moontlike verlenging)
Navrae: Ds Rehan Rheeder (083 288 7756)

❖ Elarduspark: Vakature – voltydse pastorale leraarspos

Gemeenteprofiel: Elarduspark is 'n makrogemeente in die ooste van Pretoria wat tans deur 5 voltydse leraars, elk met 'n eie spesialisasie terrein, bedien word. Die gemeente beskik ook oor 'n CMR-kantoor wat deur 2 maatskaplike werkers en 'n administratiewe beampte bedryf word.
Vergoeding: Volgens sinodale riglyne waarby ingereken 'n huissubsidie.
Diensaanvaarding: ***1 April 2018***.
Ampspligte: Die hantering van die pastorale spreekkamer, bestuur van die CMR-kantoor en aanverwante projekte onder die Missionêre- en Liefdesdiensbediening van die gemeente en prediking.
Leraarsprofiel:

- *Gelegitimeerde predikante van die NG Kerk met 'n verdere kwalifikasie in pastoraat.*
- *Lief om met mense om te gaan en bewese ervaring in pastorale versorging.*
- *'n Volle spanspeler en dinamiese leierskap.*
- *Aanbieding van verskeie verhoudingskursusse.*
- *Bestuursvaardigheid soos nodig in 'n makrogemeente.*

- *'n Goeie en gemaklike prediker wat die Skrif aktueel binne die lewenswêreld van die stedelike lidmaat kan vertolk*.

Belangstellendes word versoek om op die volgende te let:

- *Belangstellendes moet kerkkantoor@ngelarduspark.org.za kontak waarna vollediger inligting aan hulle gestuur sal word.*
- *Aansoekers wat die kortlys haal moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud 12-15 Februarie 2018.*
- *Die kerkraad behou die reg voor om nie die vakature te vul indien 'n geskikte kandidaat gevind word nie.*

Sluitingsdatum: *31 Januarie 2018*
Navrae: Ds Leon Westhof (leonwesthof@ngelarduspark.org.za) of 012 345 1144.

❖ NG Kerk Vrystaat:

Die volgende **vakatures** word *namens die Bediening: Vennote in Getuienis*, bekend gestel:

- **Sendeling: Missie Japan** **Rig aansoeke asseblief vóór Woensdag** *31 Januarie 2018*, sien dokument met meer inligting, hierby aangeheg.
- **Dosent in Teologie: JUSTO MWALE UNIVERSITEIT, LUSAKA ZAMBIË** (Vennote in Getuienis in vennootskap met die UV-Fakulteit Teologie en Religie en die *Reformed Church in Zambia*): **Rig aansoeke asseblief vóór Maandag** *15 Januarie 2018*, sien dokument met meer inligting, hierby aangeheg.

❖ Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help – Kliek hier

Ten slotte

Terug

BYLAES

Bybel-Media Nuusbrief 22/2017

Lees in die laaste Kerkbode van 2017 ...

Kerkbode van 1 Desember stel 29 nuwe proponente aan die kerk voor: entoesiastiese en bekwame voornemende predikante uit Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch. Beroep hulle!
Daarby vertel Kerkbode hoe die belydenisaflegging van 'n multigestremde jong vrou in die gemeente Pretoria-Dowes konkrete gestalte gegee het aan die gemeente se jaartema: God se liefde vir almal.
Lees ook oor Bonaeropark se Gratis Basaar, oor die vraag of Martin Luther held of was, en oor teologiese opleiding vir 'n missionale bediening.
Charlotte Sibanyoni, teologiestudent van die NG Kerk, skryf oor haar ideaal dat die kerk 'n brug moet wees, en Mariëtte Odendaal het vir Annalise Wiid vertel hoe Afrika haar verryk het.

Jongste Jeugfokuspublikasies ... vir 2018

Besoek die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik op ***winkel*** en sien die reeks nuwe jeugfokuspublikasies wat in Januarie 2018 beskikbaar sal wees. Moontlik is dié inligting vir die nuwe jaar se kategese (geloofsvorming) baie handig.

Totsiens 2017 ... en Welkom 2018!!

Die laaste kwartaal van 2017 is byna verby. Dit was 'n jaar propvol besondere momente. Bybel-Media wil graag ***dankie-sê*** aan elkeen wat meegewerk en gehelp het om dit 'n besondere jaar te maak.
Dankie ... vir gemeentes se ondersteuning, lidmate se betrokkenheid, vir baie geleenthede om by gemeentes, sinodes en groepe Bybel-Media se aktiwiteite, publikasies en produkte te kon bekendstel.
Indien gemeentes inligtingspamflette, katalogusse of ander inligting verlang om op 'n gegewe Sondag in **2018** aan lidmate beskikbaar te stel, skakel BM vroegtydig, dan kan ons die nodige reëlings tref.
Van die leraars wat by BM in diens is, is ook beskikbaar vir 'n preekbeurt en inligtingsessie in jou gemeente. Skakel vroegtydig om só 'n afspraak te finaliseer.
Skakel 021 864 8223 of e-pos na: hans@bmedia.co.za - ek help graag.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Willie Crous*** *[072 536 6775, willie.crous@gmail.com]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*

- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

NG Kerk Vrystaat

Die volgende vakatures word namens die

Bediening: Vennote in Getuienis, bekend gestel:

Missie Japan

'n Sending-vennootskap van die NG Kerkfamilie en ander Gereformeerde kerke in SA en die Reformed Church in Japan.

Missie Japan nooi kandidate uit tot deelname aan 'n proses om as sendeling na Japan gestuur te word. Sendingwerk in Japan verg 'n lewensroeping, spesiale gawes en 'n langdurige leerproses (teologie, taal en kultuur); die werf, voorbereiding en uitstuur van sendelinge is daarom 'n proses in biddende afhanklikheid.

Inherente vereistes:

- Geordende leraar van die NG Kerkfamilie of verwante Gereformeerde Kerke
- Oortuiging van sendingroeping na Japan
- Bereidwilligheid tot en aanpasbaarheid in 'n kruiskulturele bediening
- Bereidwilligheid/vermoë om Japannees aan te leer
- Vereenselwiging met die unieke Gereformeerde identiteit van die RCJ
- Goeie verhoudinge en effektiewe skakeling met donateurs ("sturende kerk") en die RCJ ("ontvangende kerk").

Pligte en verantwoordelikhede:

- Samewerking tov die werf van fondse
- Taalstudie
- Samewerking met die RCJ leraars in die RCJ Ring van Shikoku
- Fokus op onbereikte 99% van die Japannese gemeenskap

Rig aansoeke voor *31 Januarie 2018* aan:
Dr Gideon van der Watt
Missie Japan
missio@ngkvs.co.za
0827808038

Terug

Vennote in Getuienis in vennootskap met die UV Fakulteit Teologie en Religie en die Reformed Church in Zambia

Vakante pos: Dosent in Teologie, Justo Mwale Universiteit, Lusaka, Zambië

Kandidate word uitgenooi om aansoek te doen vir 'n kontraktuele pos van drie jaar as dosent in Teologie (verkieslik Praktiese Teologie en Missiologie) aan Justu Mwale Univesiteit, Zambië.

Pligte en verantwoordelikhede:
* Onderrig van voor- en nagraadse modules
* Kurrikulumontwikkeling en administrasie
* Studiebegeleiding van nagraadse studente
* Inisieer, verrig en hou vol met hoëvlak navorsingsuitsette
* Skakeling met en verhoudingsbou tussen vennote
* Kerklike- en gemeenskapsbetrokkenheid

Aanbevelings:
***** Doktorsgraad in Teologie, verkieslik Praktiese Teologie of Missiologie

* Geroepenheid/aanpasbaarheid vir en ervaring van werk in Suider Afrikaanse konteks
* Geordende leraar binne NG Kerkfamilie

Voordele:
• Salarisskaal met byvoordele (medies, verlof, ens) soos in Riglyne van NG Kerk Algemene Sinode
• Gratis huisvesting op JMU kampus

Algemeen:
Die reg word voorbehou om die pos nie te vul nie.

Stuur volledige aansoeke voor *15 Januarie 2018* aan:
Dr Gideon van der Watt
missio@ngkvs.co.za,
0827808038

Terug